

30 Oktober

Psalm 16; (Teks: 16:11b)

Hervorming: Voor die aangesig van God

Elke herdenking van die Hervorming gedurende die 16e eeu is 'n geleentheid om steeds weer te hervorm, om terug te keer na die Bron, naamlik die gekonsentreerde Evangelie van God se vrye genade. Die Hervormingsbeweging moes self so 'n konsentrasie op die éénvoudige Evangelie, die blye boodskap van die koms van die lewende God in Jesus Christus deur sy Woord en Gees na ons in ons ellende wees. Hierdie konsentrasie het gekom uit die besef dat ons *voor die aangesig van God* staan. Dit beteken in die Bybel om in die persoonlike teenwoordigheid van God te verkeer. In die Kategismus word hierdie uitdrukking juis in verband met die sentrale belydenis van die Hervorming, naamlik die regverdigmaking deur die geloof alleen, gebruik. Ek staan voor Hom wat Hom oor my in my sondeskuld neergebuig het. En ek kan slegs oor en met Hom praat danksy hierdie genadige bemoeienis van Hom met my: U is my Here, U is die deel van my erfenis, ek behoort aan U, U is altyd by my. Om in sy teenwoordigheid te verkeer, sodat Hy met ons en ons met Hom kan praat, is pure vreugde: by U is daar oorvloedige blydschap, versadiging van vreugde is voor U aangesig!

Sing: Psalm 16:1,5

Ds. H. Dijkstra (Groblersdal)